



ALV-KONGRES 2016

**Wêrelde en/in wêrelde:
Die Afrikaanse letterkunde en “vertaling”**

EERSTE OPROEP VIR REFERATE

Die 17de hoofkongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging word in 2016 vanaf 31 Augustus tot 2 September aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Potchefstroomkampus (NWU).

U word hartlik uitgenooi om referaatvoorstelle van ongeveer 250 woorde teen **29 April 2016** voor te lê. Stuur asb. u voorstel aan Phil van Schalkwyk:

Phil.VanSchalkwyk@nwu.ac.za

Kongrestema

Die Afrikaanse letterkunde bly dinamies en verwickeld. Ontwikkelinge in die prosa, poësie en drama van die afgelope jare is onder meer (in geen spesifieke volgorde nie): die groei (in die rigting) van die ontspanningsliteratuur; transtaling ("translanguaging"), kodewisseling en -vermenging en die gebruik van omgangsvariëteite van Afrikaans; die wisselwerking tussen literêre werke en ander media; die vertaling en sterker internasionale impak/erkenning van Afrikaanse werke; die Afrikaanse letterkunde en kritiek in gesprek met die internasionale omgewing. Hiermee gaan saam pogings om poolshoogte te neem van die Afrikaanse letterkunde en kritiek.

'n Saambindende faktor in hierdie voorbeelde is die wisselwerking van "wêreld" (en gepaardgaande verwagtinge), sowel tekstueel as kontekstueel. In noue verband hiermee staan "vertaling": beide die vertaling van Afrikaanse literêre tekste na ander tale en die vertaling uit ander tale na Afrikaans. "Vertaling" word ook in 'n breër sin bedoel, naamlik: vertaling as "interpretasie" en interpretasie as "vertaling"; herskrywing van bestaande werke en vorme; verwerking van argivale materiaal; verwerking na ander media, byvoorbeeld film, en die uitdagings wat in hierdie verband aan die medium gestel word; digitalisering; die wisselwerking tussen literêre genres; die verhouding van literêre tekste met ander kunsvorme, byvoorbeeld die beeldende kunste, musiek, toneel.

Vertaling in nouer sowel as omvattender betekenis het uiteraard hermeneutiese implikasies.

Uitgaande van Mikhail Bakhtin se konsepte dialogisme en heteroglossie – wat betrekking het op die verbondenheid van die taaluiting met en antisiperende gerigtheid op die (weder)woorde van Ander/Andersheid – word daar voortgebou op die verkennende, "dialogiese" en vergelykende strekking van die vorige drie ALV-kongresse, maar hierdie keer met die klem op hermeneutiese vraagstukke. Hierdie fokus skakel onder meer met literêre benaderings- en leeswyses, kritiese praktyke en moontlike verskuivende paradigmas ten opsigte van teorie en kritiek.

As rigtende perspektief dien die gedagte van "wêreld", wat die tekstuele én die referensiële omvat. In sy boek *Fictional Worlds* voer Thomas Pavel (1986:10) aan dat erkenning van die referensiële dit moontlik maak "[to] respond again to the world-creating powers of imagination and account for the properties of fictional existence and worlds, their complexity, incompleteness, remoteness, and integration within the general economy of culture". Volgens Pavel (1986:73) is die maniere waarop lesers met fiksionele wêreld omgaan kompleks en gevarieerd. Baie lesers neig om tekste as toegangsweë tot wêreld te hanteer. In hul haas om by die bestemming uit te kom, vergeet hulle gou die besonderhede van die reis. Daar is egter ook lesers wat die plesier van die teks vooropstel en die tekstuele pad na die wêreld deur middel van stiplees wil verken en beskryf.

Hierdie problematiek het implikasies vir leeswyses en die manier waarop "hoë" en "populêre" literatuur benader word.

Die vertaling (in besondere sowel as ruimer sin) van en tussen "wêreld" bring talryke uitdagings en probleme mee. Teen die agtergrond van die Peirceaanse semiotiek beweer St-Pierre (2007:6) in sy boek *In Translation – Reflections, Refractions, Transformations* dat vertaling tradisioneel juis beskou is in terme van die "negatiewe" gevolge daarvan (ongewenste verandering en verlies) maar dat daar ook gedink kan word in terme van wat vertaling alles nuut as groeipunte toevoeg – interaksies binne nuwe kontekste, nuwe leeswyses en nuwe maniere van skryf.

Spesifieke temas wat uit die voorafgaande spruit of daarby aansluit, is onder andere:

Die Afrikaanse letterkunde en kritiek in die internasionale (literêre) konteks.

- Die Afrikaanse letterkunde en die diaspora.
- Die individuele Afrikaanse skrywer en die internasionale (literêre) konteks.
- Die Afrikaanse letterkunde en die bestudering daarvan buite Suidelike Afrika.

Vertaling van en na Afrikaans.

- Tendense; vertaalbenaderings; struikelblokke; moontlikhede.
- Bemaking en resepsie van vertaalde werke.

Afrikaanse literêre werke en ander media, byvoorbeeld: die kinematografie; die teater(teks).

- Die uitdagings en moontlikhede wat die verwerking van een medium na 'n ander inhoud.

Die Afrikaanse letterkunde en die digitale media, die kuberruim, hiperteks, interteks.

- Die Afrikaanse letterkunde en die uitdagings en moontlikhede van die digitale humaniora.

Transtaling ("translanguaging") en/as vertaling.

- Kodewisseling en -vermenging en die gebruik van omgangsvariëte in Afrikaanse tekste.
- Die vertaling hiervan.

Literêre verwerkings.

- Die uiteenlopende maniere waarop vergete en klassieke werke verwerk of herverpak word.
- Die omsetting van historiese materiaal binne nuwe kontekste.

Interpretasie en/as "vertaling".

- Die bakens, grense en moontlikhede van literêre interpretasie.
- Die wêreld van teorie en kritiek in verhouding tot die literêre teks.
- Die huidige stand en praktyke van die Afrikaanse literêre kritiek.

Die verhouding tussen "hoë" en "populêre" letterkunde.

- Die (nuwe) uitdagings wat in hierdie verband aan literêre teorie en kritiek gestel word.

Fiksionele wêreld as (on)moontlike wêreld en hul verhouding met die aktuele wêreld.

- Representasie en die rol van die verbeelding: die verhouding van die fiksionele teks tot die werklikheid (reproduktief of produktief? – Paul Ricoeur).
- Fiksionele wêreld en/in die (ontspannings)literatuur.
- Die (ontspannings)literatuur en die (Suid-Afrikaanse) werklikheid.
- Utopie en distopie.